# Van die Gasredakteur

'The fate of an institution . . . lies in the men who work in its halls, and in the ideals which they cherish and teach.'[1]

Die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het pragtig gegroei gedurende die eerste 21 jaar van sy bestaan. Die entoesiasme, doelgerigtheid, harde werk en inisiatiewe van 'n groot aantal persone was hiervoor verantwoordelik.

'If we see a bit more clearly than they, it is because we are standing on their shoulders.'

Claude Bernard

Hierdie gedenkuitgawe poog om 'n beeld te gee van navorsingsaktiwiteite wat tans in die Fakulteit Geneeskunde aan die gang is. 'n Groot aantal voortreflike artikels is deur fakulteitslede voorberei. Ruimte het egter 'n deurslaggewende rol gespeel in die uiteindelike besluit ten opsigte van watter artikels vir publikasie gekeur is. Daar is gepoog om 'n eweredige verspreiding van artikels oor die hele spektrum van geneeskunde te gee.

Elke departement lewer 'n spesiale bydrae tot die Fakulteit Geneeskunde. Departementslede kan met spelers in 'n spansport vergelyk word. Die uiteindelike welslae van die span word grootliks deur die sterkte van die spanpoging bepaal. Die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het nog altyd as 'n span saamgespeel. Hierdie publikasie is 'n blywende voorbeeld van nog 'n **spanpoging!**

'Much has been done, much remains to do; a way has been opened, and to do the possibilities in the scientific development of medicine there seems to be no limit.'[2]

**Andries Stulting**
*Departement Oftalmologie*

1. Osler W. Teacher and student. In: *Aequanimitas and Other Addresses.* Philadelphia: P. Blakiston, 1928.
2. Osler W. The master word in medicine. In: *Aequanimitas and Other Addresses.* Philadelphia: P. Blakiston, 1928.